II

# DIE TAALVRAAGSTUK TYDENS UNIE.

## DIE NASIONALE KONVENSIE.

By geleentheid van die Nasionale Konvensie (1909), wat die Unie voorafgegaan het, was die taalvraagstuk feitlik die spil waarom alles gedraai het, en daar is allerweë besef dat dit nutteloos sou wees om met die besprekings voort te gaan tensy daar op dié gebied eers 'n bevredigende oplossing gevind word.

By dié geleentheid was dit veral genl. J. B. M. Hertzog en pres. M. T. Steyn wat van Afrikanerkant nadruk gelê het op die noodsaaklike vereiste van absoluut gelyke taalregte as teken van volkome gelykheid tussen die twee blanke seksies 1), aangesien sir Starr Jameson van Engelse kant gesê het dat hy nie die noodsaaklikheid insien van besliste gelykheid nie maar tog darem sal instem mits daar geen dwang by is nie 2). In sy toespraak in die parlement op 25 Nov. 1910 het Jameson dan ook erken dat toe hy en sy Engelse vriende na die Konvensie gegaan het, hulle vas van plan was om 'n Engels-eentalige Unie tot stand te bring, omdat hulle dit as ideaal beskou het sover dit die taalvraagstuk betref. Selfs vóór dié tyd het hy en sy vriende wel simpatie gehad met die sentiment wat hulle Hollandse vriende aan hulle taal heg, maar hulle het Engels as die handelstaal beskou, en hoewel hulle Hollands nie wou teëwerk nie, het hulle tog gemeen dat Engels alléén die amptelike taal moet wees. Dit was eers nadat pres. Steyn so gevoelvol gepraat en aangetoon het dat dit nie net 'n saak van sentiment was nie maar dat die taal beskou moes word as 'n simbool van rassegelykstelling, dat hy en sy hele party die betekenis daarvan begryp het 3).

Omdat hierdie toespraak (in Engels) van pres. Steyn 'n goeie weergawe van die Afrikaner se standpunt is en dan ook die deurslag gegee het, word die hoofpunte hier aangehaal. Hy het begin deur te sê dat daar van die plan van Unie niks tereg sal kom as daar nie ook vereniging tot stand kom tussen die twee rasse, wat in wese tog nie soveel van mekaar verskil nie. Hy betreur die foute van die verlede wat gelei het tot rassehaat, en sê dat dit alleen verwyder kan word deur die twee rasse op absoluut gelyke voet te plaas, want daar kan geen vereniging van state sonder 'n vereniging van harte wees nie; daar kan geen eenheid wees sonder gelykheid nie. So lank as wat een ras voel dat dit 'n ondergeskikte plek teenoor die ander moet inneem, so lank is daar 'n gevoel van onreg, en hierdie gevoel sal 'n skeidsmuur tussen die twee vorm. Op taalgebied moet daar volkome gelykstelling kom: in die parlement, geregshowe, die skole, die staatsdiens. Hollands moet saam

met Engels die amptelike taal van Suid-Afrika wees. Dit vra die Afrikaner nie as 'n guns nie maar as 'n reg, en spreker pleit daarvoor as vérsiende staatsbeleid. Hollands is die oudste landstaal, die voormalige amptelike taal, die taal van die grootste deel van die blanke bevolking, die taal van die Voortrekkers, wie se dade vir Suid-Afrika en die beskawing erkenning verdien. Ons taal het sy amptelike karakter alleen deur geweld verloor. As sy wenk aangeneem word, sal ál die taalgesukkel verdwyn, die vraagstuk bokant en buite die politiek geplaas en partyverdeling op rassegrondslag vermy word. Ás hierdie politiek van gelykstelling 'n eeu gelede gevolg was, dan het Suid-Afrika miskien vandag net één taal gehad, en dit sou nie Hollands gewees het nie. Maar nou het die twee tale wortel geskiet; ons kan nie een opsy sit nie. Altwee moet langs mekaar ontwikkel, laat dit goed of kwaad wees 4).

Die gevolg was dan ook dat die Konvensie in dier voege besluit het en dat vir die eerste maal in die geskiedenis die Afrikaner se taal oor die hele land deur die wet erken is as absoluut gelykwaardig met Engels deur art. 137 van die Zuid-Afrika Wet van 1909 wat lui: „De engelse alsmede de hollandse talen zijn officiële talen van de Unie. Zij worden op een voet van gelijkheid behandeld en bezitten en genieten gelijke vrijheid, rechten en voorrechten . . . " Dr. W. J. Viljoen het hierdie artikel in 'n toespraak in Kaapstad genoem „de sluitsteen, waarop het gehele gebouw van de Unie rust. Het is meer dan een gewoon wetsartikel—het is een vredesverdrag tussen de twee grote blanke rassen van Zuid-Afrika, onderpand van een onverbrekelike verbintenis en waarborg van een onvervreemdbaar recht" 5).

Daarmee was die eerste fase van die taalstryd as 'n Uniale aangeleentheid, naamlik die stryd om **erkenning** van taalgelykheid en tweetaligheid, afgeloop. Die tweede fase, naamlik die praktiese **toepassing** van hierdie reg, was heeltemal 'n ander saak. Met waarheid het R. H. Brand dan ook destyds geprofeteer 6):

Hopeful, however, as is the future, it is useless to suppose that racialism will never trouble South Africa again . . . . in the working out of the constitution the different ideals of the two races cannot fail to clash. Bilingualism, whether in education or in the public service, will cause trouble for many years.

### DIE KONFERENSIE VAN ONDERWYSHOOFDE.

Met die oog op hierdie besluit van die Konvensie het die eerste Minister van Onderwys, die heer F. S. Malan, op 2 Nov. 1910 aan die vier administrateurs geskrywe i.v.m. die provinsiale onderwyswetgewing om vas te stel (a) wat die posisie in elke provinsie is, (b) inhoeverre

dit in ooreenstemming met die beginsel van art. 137 van die Grondwet is, en (c) hoe dit in geval van afwyking verbeter kon word.

Daarna het hy die vier onderwyshoofde vir 'n konferensie in Kaapstad byeengeroep, waar hulle 'n week lank, 15-22 November, oor die taalvraagstuk beraadslaag het. Almal was dit eens dat daar vir elke leerling **gelyke geleentheid** moes wees maar geen **verpligting** t.o.v. óf die taal óf die medium nie, terwyl die Vrystaatse en die Transvaalse Direkteurs van Onderwys, dr. W. J. Viljoen en dr. J. E. Adamson onderskeidelik, bygevoeg het moedertaalonderwys sover moontlik. Ter praktiese uitvoering van hierdie beginsels het hulle die volgende aanbeveel:

(a) **Voertaal.** (1) Om opvoedkundige redes moet die taal wat die kind die beste praat en verstaan, sover prakties uitvoerbaar die voertaal wees **en bly** 7). (2) Die tweede taal **mag** 7) egter op aanbeveling van die plaaslike bestuur en met die goedkeuring van die Departement geleidelik as bykomende voertaal ingevoer word, **mits** 7) die betrokke ouers daarmee tevrede is. (3) Die standerd waarop die tweede voertaal ingevoer word, en die verskillende vakke wat daardeur in elke standerd onderwys moet word, sal deur **Departementele regulasies** 7) vasgestel word op voorwaarde dat dit sover moontlik in ooreenstemming met die ouers se begeerte sal wees. (4) Minderheidsgroepe moet sover moontlik tegemoetgekom word.

(b) **Taal as vak:** (5) In elke openbare skool moet daar voldoende voorsiening gemaak word vir die onderwys van albei tale as vak, en elke kind **moet albei leer,** 7) behalwe dat 'n leerling van een van die twee vrystelling kan verkry op skriftelike versoek van sy ouers.

(c) **Onderwysers.** (6) Geen onderwyser sal gepenaliseer word weens gebrek aan kennis van die tweede taal mits hy andersins sy pligte getrou nakom nie 8).

**DIE TAALVRAAGSTUK IN DIE POLITIEK.**

Baie Engelse was egter glad nie met hierdie verloop van sake gediend nie. Tereg skrywe dr. F. W. Engelenburg 9):

It should not be forgotten that, whereas the fathers of the Constitution accepted the absolute equality of both languages in all good faith, English-speaking South Africa never took the matter seriously. Bi-lingualism was regarded as a mere polite gesture toward the other section—neither more nor less. Educated Afrikanders put up with bilingualism as a necessary evil from which there is no escape. On the other hand, the average English-speaking South African of the period was inclined to regard every practical recognition of the Dutch language as a menace to the interests of those of his own race.

Sommer by die eerste volksraadsverkiesing het hulle die taalvraagstuk in die politiek gesleep deur dit, nes in 1943 weer, hul vernaamste verkiesingskreet te maak en het die gevoelens hoog geloop 10). Die Afrikanerkant het egter die meerderheid behaal, maar daar was alle aanduidings dat die ontevrede minderheid die saak by die eerste geleentheid in die eerste volksraadsitting sou te berde bring.

Net twee dae ná afloop van bogenoemde konferensie is die kwessie dan ook in die parlement opgerakel. Vanweë die groot belangrikheid van die taalvraagstuk in Suid-Afrika, omdat dit tot die eerste Uniale onderwyswetgewing gelei en die grondslag gelê het van alle latere bepalings i.v.m. die taal- en die mediumkwessie, en ook omdat hierdie eerste taaldebat in die Unieparlement 'n interessante lig werp op die houding van die Engelse destyds in vergelyking met hul politieke houding in die jare 1937-1943 (en soos in die jongste tyd weer geopenbaar t.o.v. die Transvaalse onderwysordonnansie) en die verenigde verset van die hele Afrikanerdom daarteen, is dit interessant om hierby stil te staan.

Aanleiding tot dié eerste en belangrike taalstryd in die Volksraad was 'n voorstel van 'n Engelssprekende, kol. C. P. Crewe (Oos-Londen), op 24 Nov. 1910, waarin hy 'n aanval op genl. Hertzog se **dubbelmedium**-onderwyswet van 1908 gemaak het, naamlik:

That in the opinion of this House the provisions of the Orange Free State Education Acts are in conflict with the principles of freedom and of equality of opportunity embodied in the South Africa Act, 1909, inasmuch as such provisions compel children to receive instruction through the medium of both English and Dutch, constitute an infringement of the rights of parents, operate unfairly against certain sections of the teaching staff, make it impossible to obtain an adequate number of efficient teachers, tend to accentuate racial divisions, and inflict grave injury upon the education of the country.

Hy het die Eerste Minister (genl. L. Botha) se toespraak van 13 Julie 1910 in Johannesburg aangehaal, waarin dié gesê het die regering se onderwysbeleid is (a) taalgelykheid, (b) moedertaalmedium selfs al kos dit die staat meer, en (c) geen dwang nie, en hy dring daarop aan dat dié beleid uitgevoer word. Uit 'n opvoedkundige oogpunt beskou, is dubbelmedium heeltemal verkeerd. Hy was byvoorbeeld in so 'n dubbelmediumskool in Bloemfontein waar 'n derde van die tyd verspil is deur herhaling in die tweede taal. As dit dan sou bydra tot beter verstaan van die werk, dan is drietale mos nóg beter, het hy ewe bitsig (en logies!) besluit 11).

Dis belangrik dat 'n mens aandag gee aan sy motivering, aangesien die meeste van die argumente wat hy in 1910 **teen** verpligte dubbelmediumonderwys aangevoer het, dieselfde is as dié wat die Verenigde Party 'n 30 jaar later **ten gunste** daarvan gebruik het. Die skade wat dié soort partypolitiek nie al aan Suid-Afrika berokken het nie!

Die Minister van Onderwys het geantwoord dat die taalvraagstuk in die Nasionale Konvensie deur art. 137 afgehandel is, en dat as daar geen ooreenkoms oor bereik was nie, daar ook geen Unie sou gewees het nie. Die artikel beteken gelykheid van álbei tale en geld nie net vir één taal nie. Verder is dit net so min die ouers se werk om die voertaal te kies as om byvoorbeeld die leergang vir die B.A.-eksamens vas te stel. Hy noem dan die aanbevelings wat in dié verband deur die vier onderwyshoofde gedoen is, en wys daarop dat daar nou 'n **praktiese** oplossing uitgewerk moet word vir die **beginsel** wat deur die Konvensie neergelê is 12).

Sir J. P. Fitzpatrick (Pretoria-Oos) het daarop beweer dat art. 137 die opsionele en nié die verpligte gebruik van albei tale beteken nie, anders sou die Engelse nooit toegestem het en sou daar óók nooit Unie gewees het nie. Die beginsel van verpligte tweetaligheid beteken dwang. Dit beskou die Engelse nie „fair play" nie. Nou moet die doeltreffendheid van die opvoeding ondergeskik gemaak word aan die propagering van 'n taal. Wat hy wil hê, is gelyke geleentheid, nie gelyke verpligting nie. Dis opvoedkundig onmoontlik om deur twee media te leer 13).

Genl. Hertzog, teen wie die aanklag gemik was, het die aandag daarop gevestig dat laer en middelbare onderwys onder die Provinsiale Rade val en nie onder die Volksraad nie. Hy het daarop gewys dat daar sowat 16,500 Hollands- teenoor slegs sowat 3,500 Engelssprekende kinders op skool in die Vrystaat is, dat daar nie één uitsluitend Engelssprekende klas is nie teenoor ongeveer 500 uitsluitend Hollandssprekende klasse en dat in die ongeveer 400 openbare skole die Engelssprekendes in slegs omtrent 5 in die meerderheid is; m.a.w. dat dubbelmedium die Afrikanerkant op 'n veel groter skaal tref as vir die Engelse groep. Die uitgesproke doel van die Engelse regering se 1902-onderwyswet ná die oorlog was om die Afrikanerkind te verengels deur Engels die voertaal te maak en Afrikanerideale deur Engelse te vervang. Waar was die heilige beginsels van ouerlike keuse en nie-verpligting en moedertaalonderwys toé? Daar is altesaam nie 12 Hollandssprekende onderwysers wat nie Engels kan praat nie, teenoor honderde Engelse leerkragte wat g'n woord Hollands ken nie—feitlik meer as die helfte van elke skoolpersoneel, en dit in so 'n oorwegend Hollandssprekende provinsie. Hoe-

wel hy erken dat daar niks in sy 1908-onderwyswet is wat sal verhoed dat Engels- en Hollandssprekende kinders in aparte klasse of skole sal opgevoed word nie, was dit nooit die bedoeling dat dit sou gebeur nie. Hy was nog altyd daarteen en sal altyd sterk daarteen gekant wees dat die kinders in twee aparte kampe gejaag word. Dit sou ekstra geboue en onderwysers verg. Ál metode is dus gemengde klasse en dubbelmediumonderrig. As die meerderheid van die ouers die voertaal moet bepaal, soos die Engelssprekendes nou verlang, dan sal Engels die voertaal in slegs 5 skole in die Vrystaat wees en Hollands in ál die ander. Wat sal hulle dán sê? In klein dorpies is aparte skole onmoontlik en is die enigste alternatief in dié geval één voertaal. Die argument van nie-verpligting hou ook nie steek nie. Ander dinge, soos die leergang, skoolbesoek ens., is dan verpligtend. Die enigste oplossing vir gemengde klasse is die dubbelmedium. Daarby is geen dwang nie, want niks verplig die Engelse kinders om te luister as die ander in Hollands toegespreek word nie, en andersom. Hy sou egter ten gunste van enkelmediumonderwys wees as die Raad die nodige geld daarvoor sou stem 14).

Die Eerste Minister het gesê dat die Opposisie (hoofsaaklik die Engelssprekendes) die voertaalvraagstuk hul vernaamste verkiesingskreet gemaak het, en as amendement voorgestel dat om die toepassing van vryheid en gelykheid vervat in art. 137, in die onderwysstelsel deur die hele Unie te verseker, 'n gekose komitee benoem word om die onderwysstelsels van die vier provinsies na te gaan en te ondersoek (a) of hulle in ooreenstemming met art. 137 van die Suid-Afrikawet is, (b) of hulle enige verpligting behels t.o.v. die twee tale as vak of as voertaal en (c) om in geval van enige afwyking die nodige aanbevelings te maak, met volle inagneming van die magte van die Provinsiale Rade kragtens die Grondwet 15).

Kol. Crewe het hierop sy voorstel teruggetrek, waarna die amendement aanvaar is, en op 2 Desember is die komitee benoem 16).

**DIE GEKOSE KOMITEE SE VERSLAG, 1911.**

Die komitee, onder voorsitterskap van min. F. S. Malan, het altesaam 41 sittings gehad van 6 Des. 1910 tot 17 April 1911; hulle het die onderwyswette van die vier provinsies nagegaan en die saak kalm, ernstig en noukeurig oorweeg, soos die voorsitter dit self in die Volksraad gestel het. In die komiteesitting van 24 Feb. 1911 het kol. Crewe voorgestel dat die onderwyswetgewing van die vier provinsies so gewysig moet word dat hulle die volgende beginsels behels:

(1) dieselfde en genoegsame vryheid en geleentheid vir enigeen van die twee tale as vak sowel as voertaal;

(2) geen onregstreekse of regstreekse dwang in die geval van enige kind nie;

(3) dat ouers die reg sal hê om te eis dat een of albei tale as vak aan hulle kinders geleer sal word en dat een of albei as medium gebruik sal word;

(4) dat waar ouers geen bepaalde keuse doen nie die kind geleentheid sal hê om albei te leer, en dat vir alle ander vakke die taal wat die kind die beste praat en verstaan, die medium sal wees;

(5) dat kandidate vir enige onderwyserseksamen één óf albei tale as vak sal kan kies, dat die vraestelle in albei tale opgestel sal word, en dat die kandidaat sy eie voertaal sal kan kies, terwyl geen kandidaat in enige opsig weens sy eentaligheid benadeel sal word nie 18).

Hierdie voorstel, wat tiperend van die algemene Engelse houding destyds is, wou dus die Provinsiale wetgewing doelbewus en opsetlik so ingerig hê dat dit die deur sou ooplaat vir die Engelssprekendes (onderwysers ingesluit) om, in 'n tweetalige land en in stryd met die letter en gees van art. 137 van die Uniale Grondwet, volkome Engels-eentalig op te groei en wetlik gevrywaar te word van enige verpligting om Hollands te leer, terwyl dit terselfdertyd ook as skuiwergat moes dien om die (onkundige en/of afvallige) Afrikanerouer in staat te stel om indien hy dit verkies, uitsluitlik Engels as vak én as voertaal vir sy kind te kies, waardeur die Afrikaner dan gedenasionaliseer kon word. Geen wonder dat min. Malan dit as 'n politieke voorstel bestempel het nie 19). Daarteenoor het hy as amendement voorgestel:

(1) dat, met inagneming van die landsomstandighede, die opvoedkundige belange van die kind die uitgangspunt van al die beraadslaginge moet wees;

(2) dat daar dus eers sekere algemene beginsels vasgestel moet word, en dat daarná sekere vrystellings daarvan verleen kon word;

(3) dat die volgende beginsels dus aanvaar word:

(a) dat albei tale aan alle kinders geleer sal word; dat elke kind onderwys sal word deur die taal wat hy die beste ken en verstaan, en dat die tweede taal geleidelik as hulpmedium ingevoer sal word;

(c) 20) dat wat die tweede taal betref, dit elke ouer sal vry staan om vrystelling vir sy kind daarvan te eis as vak of as voertaal en

(d) dat wat die eerste taal betref, daar óók, t.o.v. vak sowel as medium, 'n mate van vryheid aan die ouers gelaat sal word, solank dit nie die kind benadeel nie.

(6) 21) Wat kandidate vir die onderwyserseksamen betref, moet albei tale as vak die reël wees, maar kandidate kan vrystelling van die een eis en ook die voertaal by die eksamen kies.

(7) en (8) Bostaande plan sou volle geleentheid tot een- sowel as tweetaligheid gee, die grootste moontlike vryheid binne die perke van opvoedkundige doeltreffendheid verskaf, alle onnodige beperkinge verwyder, en dus álle onderwysers en ouers bevredig 22).

Die opmerksame leser sal hieruit sien dat daar tussen die voorstel en die amendement geen noemenswaardige verskil bestaan nie; in die teorie miskien effens maar in die praktyk feitlik nie. In albei gevalle was dit naamlik teoreties sowel as prakties moontlik dat alle kinders (én onderwysers) in alle staatskole in Suid-Afrika slegs Engels (of ook wel Hollands) as vak leer en as voertaal besig en dat só 'n volkome eentalige nasie hier opgroei, en dis baie duidelik dat hy Engels-eentalig sou wees en nie Hollands-eentalig nie. In albei gevalle was die implikasies enkel-, parallel- sowel as dubbelmediumskole.

Genl. Beyers kon hom met hierdie kompromisgedoente, wat almal wou bevredig en dus niemand kón bevredig nie, glad nie vereenselwig nie. Op 27 Feb. 1911 het hy dus voorgestel dat geen blywende oplossing van die taalvraagstuk in Suid-Afrika moontlik was nie tensy dit berus op die grondslag van (a) opvoedkundige doeltreffendheid, (b) dieselfde geleentheid, (c) moedertaalmedium en (d) nie-verpligting t.o.v. die tweede taal; daarom het hy aanbeveel

(1) en (5) dat wat die taal as vak betref, albei tale dieselfde aandag (peil en tyd) sal geniet en dat alle kinders albei tale moét leer, behoudens dat 'n kind vrystelling van slegs die tweede taal kon verkry indien sy ouer skriftelik daarom versoek;

(2) en (3) dat wat die taal as medium betref, in alle gevalle (behalwe by 'n moderne taal) die voertaal die taal sal wees wat die kind die beste ken en verstaan, terwyl die tweede taal as hulpvoertaal sal ingevoer word tensy die ouers daarteen beswaar maak;

(4) en (6) dat geen kandidaat vir die onderwyserseksamen 'n sertifikaat sal ontvang tensy hy 'n skriftelike sowel as mondelinge eksamen in albei tale deurgekom het nie, en dat die nodige fasiliteite daartoe voorsien sal word 23).

Dit was in alle opsigte 'n verstandiger en opvoedkundig gesonder voorstel en daarop bereken om moedertaalonderwys (en enkelmedium-skole) te verseker en tweetaligheid veel sterker verpligtend te stel deurdat daar veel minder willekeur aan ouers gelaat is.

Daar was dus drie voorstelle sover, dié van kol. Crewe, dié van min. Malan en dié van genl. Beyers. Op voorstel van die heer Fremantle, en met die voorsitter se beslissende stem, is toe aan min. Malan opgedra om 'n konsepvoorstel op te stel, en dié is toe op 2 Maart aan die komitee voorgelê.

Hierdie voorsittersverslag 24) bestaan uit twee dele, nl. (1) die bestaande onderwysstelsels en (2) aanbevelings. In e.g. word (A) daar in die algemeen op gewys (a) dat gelykheid kragtens wet nie altyd gelykheid in die praktyk waarborg nie; (b) dat daar t.o.v. verpligting verskil is tussen enkelinge en groepe, tussen die moedertaal en ander tale, tussen onderwysers- en skoolkursusse en (c) dat die aard van 'n onderwysstelsel net soveel van die gees van die administrasie as van sy wette afhang (par. 1). Die verslag het alleen op lg., nl. die verskillende bestaande provinsiale onderwyswette, betrekking (par. 2).

Wat (B), ongelykheid, betref, is daar, behalwe in die Vrystaat—waarteen kol. Crewe dit juis gehad het!—die grootste onreëlmatighede; bv. by geeneen van die Eerste-, Tweede- of Derdeklas-onderwyser-sertifikate is Hollands verpligtend nie, Engels wel, terwyl ook op skool Engels as vak sowel as voertaal verpligtend is, Hollands slegs opsioneel, sodat in „every case of inequality English is in the superior and Dutch in the inferior position" (parr. 3-5).

Wat (C), verpligting, betref, heers daar in al vier provinsies 'n sekere mate van dwang, aangesien met weinig uitsonderinge „none of the present systems leaves any option to the individual parent as regards the learning of the languages as subjects or their use as mediums of instruction", en dit geld veral van Engels (parr. 6-7).

Deel 2 is hoofsaaklik 'n herhaling van sy oorspronklike voorstel waarby etlike van genl. Beyers se amendemente bygevoeg is (parr. 8-17), en ten slotte word aanbeveel dat 'n wet wat hierdie aanbevelings behels, dadelik aangeneem en in al vier provinsies van toepassing gemaak moet word (parr. 18-20).

(Word vervolg).

Pretoria. D. H. CILLIERS.

## VERWYSINGS.

1) Vir genl. Hertzog se toespraak en aandeel vgl. Edgar Walton: **Inner History of the National Convention**, pp. 98-102; L. E. Neame: **Genl. Hertzog**, pp. 74-77; C. M. v.d. Heever: **Genl. J. B. M. Hertzog**, pp. 259-269.

2) E. Walton, a.w., p. 105
3) **Hansard,** 1910, p. 337; N. J. v.d. Merwe: **Marthinus Theunis Steyn,** II, p. 227.
4) N. J. v.d. Merwe, a.w., II, pp. 228-229. Vgl. ook E. Walton, a.w., pp. 163-164.
5) **De Unie,** 1/7/1914, p.13.
6) **The Union of South Africa,** pp. 10-11.
7) Onderstrepings van die skrywer.
8) **Hansard,** 1910, pp. 286-288; **Reports and Correspondence on . . . . the English and Dutch Languages . . . .,** **1910.**
9) **General Louis Botha,** pp. 222-223.
10) **Hansard,** 1910, pp. 332, 2886.
11) T.a.p., pp. 264-281.
12) T.a.p., pp. 281-289.
13) T.a.p., pp. 291-292.
14) T.a.p., pp. 296-320.
15) T.a.p., pp. 332-335.
16) T.a.p., p. 339. Die komitee het bestaan uit die heer F. S. Malan (Min. van Onderwys), genl. J. B. M. Hertzog (Min. van Justisie), kol. C. P. Crewe, prof. H. E. S. Fremantle, adv. P. Duncan, advv. C. L. Botha, genl. C. F. Beyers, mnr. C. P. Robinson Vir genl Hertzog se standvastige houding hier vgl. L. E. Neame, a.w., hfst. VII. Vir genl. Botha se wisselende houding i.s. die taalvraagstuk, vgl. bv. F. V. Engelenburg, a.w., pp. 111, 223, 229-235.
17) **Hansard,** 1910-11, p. 2886.
18) **Report of Select Committee on Public Education, 1911.** pp. xxv—xxvi.
19) **Hansard,** 1910-11, p. 2888.
20) b) is nie hier van belang nie—dit handel oor moderne tale.
21) Die ander punte is nie van groot belang nie.
22) **Report of Select Committee on Public Education, 1911,** pp. xxvi-xxvii.
23) T.a.p., pp. xxvii-xxviii.
24) T.a.p., pp. xxviii—xxix, Appendix F.